Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

TEL: 015 296-0940

Postnetsuite 001
P/S X9676
POLOKWANE
0700

FAKS NO: 086 543 0378

Vrydag, 18 Januarie 2019
Nuusbrief no 1 / 2019

Goeie more liewe Osieteddie mamma en pappa,

WELKOM! WELKOM! WELKOM!

Baie welkom terug by Osieteddies aan al ons "ou" ouers en kleuters. Aan al ons "nuwe" ouers en kleuters wil ons 'n hartlike Osieteddie-welkom toewens. Dis is vir ons wonderlik om u as deel van ons skool en gemeenskap te verwelkom! Ons hoop dat u gou ingeskakel sal voel.

Ons as personeel se wens aan ons ouers en kleuters vir 2019 is dat u 'n geseënde jaar vol vreugde en liefde sal ondervind.

Die kleuters is vinnig besig om in hulle nuwe klassies aan te pas. Wees verseker dat die enkele tranerige outjies baie liefdevol hanteer sal word.

Personeel:

- Ons is baie bevoorreg om met 'n uitmuntende span personeel weg te spring
- Die personeel sien soos volg daaruit:

Onderwyspersoneel:

Linda Kruger	Hoof	2 Maart	083 656 1307
Elbé Maritz	Speelbere (2 – 3 jariges)	9 Januarie	083 292 3252
Heleen Pieterse	Safaribere (3 – 4 jariges)	4 Augustus	082 394 1837
Karina v Heerden	Kampbere (3 – 4 jariges)	22 Oktober	082 854 9027
Louise Snyman	Plaasbere (3 – 4 jariges	6 Junie	082 343 6685
Jané Smit	Tunbere (4 – 5 jariges)	17 November	081 475 0677
Ariëte Haasbroek	Vakansiebere (4 – 5 jariges)	2 Maart	073 461 4943
Yolandi Engelbrecht	Sirkusbere (4 – 5 jariges)	24 Februarie	082 458 5503

Klas-assistente:

Sharon du Plessis	Speelbere	21 April	072 264 5870
Vanessa du Plessis	Bere	26 November	072 272 9994

Administratiewe personeel:

Amanda vd Merwe	31 Desember	083 321 6535

Naskoolpersoneel:

Annemarie de Beer	10 Augustus	083 398 6456
Michelle van Staden	25 April	076 590 3314
Maaike van der Lith	12 November	082 923 6323
Deidre van Dyk	3 Augustus	064 251 6221

Jaarkalenders

U het reeds die kalenders ontvang. Alle belangrike gebeure is daarop aangebring. Maak sommer vroeg al u dagboek beskikbaar vir die spesiale dae by die skool.

Toegangskyfies:

- U kan by Amanda in die Admin kantoor u skyfies aankoop.
- Ouers wat nie skyfies het nie, gaan sukkel om toegang tot die skool te kry. Die personeel en kinders is dikwels buite besig en hoor nie die klokkie lui nie. Naskoolpersoneel kan ook nie heen en weer beweeg om vir u oop en toe te maak nie. Dankie vir u samewerking.

Demonstrasies van Buitemuurse-aktiwiteite:

- Al die kleuters het vanaf Maandag 14 Januarie tot Vrydag 18 Januarie daagliks aan demonstrasies van ons buitemuurse aktiwiteite deelgeneem, en sal inskrywingsvorms van al die aktiwiteite ontvang.
- Moet asseblief nie u kleuter oorlaai met aktiwiteite nie. 2 Aktiwiteite vir ‘n Gr RR-kleuter is meer as genoeg.
- Kies asb oordeelkundig!
- Aktiwiteite begin amptelik vanaf Maandag 21 Januarie.
- Vul asseblief die inskrywingsvorms in en plaas dit in die korrekte posbussies in die gang.
- Klasjuffrouens MOET kennis dra van waar u u kleuter ingeskryf het. As u kleuter nie op haar lysie is nie, gaan sy nie u kleuter toelaat om saam te ry / gaan nie
- Die 2 – 3 jariges neem nog nie aan hierdie aktiwiteite deel nie.

Laerskool boeties en sussies:

- Leer asseblief u groter kinders om nie boeties en sussies by die skool te kom groet nie. Dit veroorsaak tranerigheid by die jonger kleuters wat onnodig is.

Terugvoering tov Inligtingsaand (gehou Donderdag, 17 Januarie 2019)

My opregte dank aan elkeen wat moeite gedoen het om die sessies by te woon. Ons is inderdaad baie bevoorreg. Asseblief, indien u enige vrae of kwellinge het, moet u asb nie huiwer om of die klasjuffrou of vir my te kontak nie, ons help graag.

Kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis

Ek wil ‘n dringende beroep op u doen, om die naweek D6 op u foon en skootrekenaar af te laai. Vanaf Maandag, 21 Januarie, gaan ons alle dokumentasie daarop begin uitstuur.

<u>Ouerbetrokkenheid</u>

Daar is n verskil tussen betrokke wees en inmeng.

- Betrokkenheid kan formeel wees - op komitees dien, vrywillige hulp met projekte ens.
- Dit kan ook informeel wees wat insluit betrokkenheid met temawerk, buitemuurs, maats en sosialisering, netwerk van ander ouers, help met doelwitte, besluitneming, probleemoplossing.

Betrokkenheid vertaal as vrywillige deelname. Die doelwitte van betrokkenheid is om ‘n vennootskap tussen die ouer en die skool te vestig met die doel om gesamentlik gelukkige, sorgvrye, veilige, geborge kinderjare te bewerkstellig. Latere lewensfases gaan nie noodwendig die luuksheid hiervoor bied nie en aangesien gelukkige kinders die beste kans staan om gelukkige volwassenes te word en dit is dus n belegging in die kind se toekoms.

Ons by Osieteddies het elkeen van u se hulp broodnodig. Ek vra dat u asseblief ons hande sal sterk maak – vele hande, ligte werk! Vul asseblief meegaande skeurstrokie in, en handig dit by die klasjuffrouens in.

Onthou: elke kleuter MOET elke dag uitgeteken word!!!

‘n Laaste gedagte :
“U kroon die jaar met goeie gawes. In u spore volg daar oorvloed!” Ps. 65:12

Osieteddies-groete
LINDA KRUGER & PERSONEEL

OUERHULP

EK, ……mamma / pappa van

…….. in die

Speelbeerklas	Kampbeerklas	Tuinbeerklas	Sirkusbeerklas
Safaribeerklas	Plaasbeerklas	Vakansiebeerklas	

<u>Sien kans om met die volgende betrokke (✓) te raak by die skool:</u>

	mamma	pappa		mamma	pappa
Tuine van die skool			Webblad instandhou en ontwerp		
Verfwerk – binne of buite			Regsadvies		
Houtwerk			Skoolbiblioteek		
Staal en sweiswerk			Binneshuise-versiering		

Loodgieterwerkies			Speelgoed herstel en mooimaak		
Elektrisiteit			Store en regpakaksies		
Veiligheid van die sentrum			Rommelwegry		
Naaldwerk			Fantasie-klere		
Vakansiesorg					
My hande staan vir niks stil nie!					

Ek kan met die volgende ook help……

……

…….